



## God het Ons Goed gemaak

Daar is baie, baie mense op hierdie aarde. Daar is mans en vrouens en daar is seuns en dogters, van allerhande kleure en volke. Waarvandaan het al daardie mense gekom?

God het hulle gemaak.

Baie lank gelede, in die begin, nadat God die pragtige aarde gemaak het, het God *een* mens gemaak. Daardie mens het God van die stof van die aarde gemaak. Hy het hom 'n wonderlike liggaam, met arms en bene gegee. God het hom ook 'n wonderlike kop gegee, met ore, oë en 'n mond. Hy het hom ook 'n hart gegee, wat klop, en 'n verstand, sodat hy kan dink. Toe het God die asem van die lewe in sy neus *geblaas* en hom 'n *lewendige siel* gemaak. God het die mens 'n siel gegee om *vir ewig* te lewe. So het God die mens gemaak, *net soos Hy self* is. Die mens was baie anders as al die diere.

God het die mens Adam genoem.

God het ook 'n *vrou* gemaak. Terwyl Adam baie diep geslaap het, het God een van Adam se ribbene uit sy liggaam geneem en 'n vrou daarvan gemaak.

Toe Adam wakker word, het God hierdie pragtige vrou wat Hy gemaak het, vir Adam gee om sy vrou te wees. Adam het vir haar 'n naam gegee en haar *Eva* genoem. Adam was baie lief vir Eva, en so was daar twee baie gelukkige mense op die aarde – mense wat heeltemal sonder sonde was. Hulle het in 'n pragtige tuin met bome en blomme en mak diere gewoon. Alles was so wonderlik, so *baie* goed.

God het Adam en Eva so gemaak dat hulle *kinders* kon kry. Hy *wou graag hê* dat hulle kinders sou kry. God wou hê dat daar baie mense op die aarde kom wat Hom sal liefhê en Hom sal prys.

Na 'n rukkie het Adam en Eva kinders *gehad*. Die heel eerste babatjie wat gebore is, was 'n seuntjie. Adam en Eva was so gelukkig met hierdie wonderlike baba. Hulle het hom Kain genoem.

Adam en Eva het daarna nog baie kinders gehad, seuns en dogters. Die seuns en dogters het groot geword, hulle het getrou en toe kry *hulle* weer kinders. Na 'n ruk het daar baie mense op die aarde gewoon.

God het *al* die babatjies wat ooit gebore is, gemaak. Al die mense wat vandag op hierdie aarde woon, is eintlik kinders van Adam en Eva. Adam was ons eerste vader en Eva was ons eerste moeder.

Ons weet al hierdie dinge, want die *Bybel* vertel dit vir ons.

Die mens is die *wonderlikste* van al die geskape dinge wat God gemaak het, omdat Hy die mens gemaak het, net soos *Hyself* is. Hy het die mens 'n goeie verstand gegee, om te leer en al die dinge op die aarde te verstaan. Die mens kan selfs vir *God* ken. God het die mens rein gemaak, sodat daar geen sonde in sy hart was nie. En God het die mens *heerser* gemaak oor al die diere en die plante. Hy het die mens die *hoogste* en *grootste* gemaak van al die skepsels.

### Gesels hieroor:

1. Kan jy onthou waarvan God die mens gemaak het?
2. Hoe het God vir Adam 'n lewendige siel gegee?
3. Hoe is mense anders as diere?

## **Die Bybel leer ons:**

*“En God het die mens geskape na sy beeld.”*

(Genesis 1:27)

## **Wat ons kan lees:**

*Genesis 1:26-28 en 2:7-8*

## **Kom ons sing: (vers 2 van vorige les, met wysie: Op berge en in dale)**

Die maande en die jare,  
ja, elke dag en nag,  
die somer en die winter  
Vertel van God se mag!  
Die mense op die aarde  
mag leef vir God, die Heer,  
met ore om te luister en  
’n stem om Hom te eer.

Kom ons bid nou tot ons grote Skepper:

## **Gebed:**

Onse Vader in die hemel, ons behoort aan U, omdat U ons gemaak het. Ons dank U, grote Skepper, vir ons liggame wat so wonderlik geskape is; en vir ons hart e ons verstand dat ons U kan ken; en vir ons siel wat vir ewig sal lewe. HERE, help ons om vir U te lewe! Amen.

Marian Schoolland

© 2018

[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit ‘Leading Little Ones to God’  
is deur Marianne Bron vertaal.*